Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

9 Augustus 2020

Woordverkondiging op Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos Facebookblad en YouTube kanaal.

09:30 OGGEND WOORDVERKONDIGING:
Ds. Pieter van der Walt

Tema: Die grootste wending ooit in die mens se lewe.

Die Kategismus leer ons drie baie belangrike dinge waarvan ons ‘n grondige kennis moet hê: hoe groot jou sonde en ellende is, hoe jy daarvan verlos word en die dankbaarheid daarvoor wat uit jou lewe moet uitstraal.

Die klem val op Jesus Christus se vergewende liefde as die poort tot versoening met God, op geloof as die paspoort tot God se genade en op die Heilige Gees as die sleutel tot die nuwe lewe.

Ons sing vooraf saam:
Ps 48-1: 4

Ons ontmoet die Here
Votum en gebed; Lofsang: Ps 103-1: 1, 2; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor die Here
Wet (Eksodus 20); Sing Sb 1-6: 1, 3; Gebed

Ons luister na sy Woord
Skriflesing: Romeine 3: 9-26
Teksverse: Romeine 3:10-12; 3:21-24 en 8:9
Woordverkondiging

Ons antwoord op God se Woord
Gebed; Liefdegawes; Sing Lied 169: 1, 2, 3; Gebed om seën.

18:00 AANDDIENS:
Ds. Pieter van der Walt

Tema: God se nuwe begin in my lewe

Bekering word deur baie misverstaan asof dit bloot ‘n aksie van die mens is, ‘n besluit wat ek moet neem. Bekering is eerstens God se werk in die lewe van die mens. Bekering sny diep in. God werk die droefheid oor die sonde en die berou in die hart van die sondaar. Hy doen dit deur sy Heilige Gees.

Kernbestanddele van bekering is: ware skuldbesef, hartlike berou en diepe leedwese - ‘n hartseer dus, dat ek God met my sondige lewe bedroef. Ware bekering vra dus worsteling op my knieë voor God, elke dag van my lewe.

Allesoorheersend egter is die ontwaking van die vreugde in God, die nuwe mens, die nuwe lewe wat God skenk, die lus die liefde om na die wil van God te lewe as verloste kind van Hom – om te breek met ‘n sondige verlede.

Ons ontmoet die Here
Votum en gebed; Lofsang: Ps 116-1: 1, 7, 10

Ons verootmoedig ons voor die Here
Gebed

Ons luister na sy Woord
Sing Ps 51-1: 1;
Skriflesing: Psalm 51
Teksverse: Psalm 51: 5, 14,
Klaagliedere 5: 21,
Sondag 33 van die Heid Kat.
Woordverkondiging

Ons antwoord op God se Woord
Gebed; Liefdegawe; Sing Sb 10-2; Gebed om seën.

MEELEWING

- Marie Saaiman (Groep 5 - 082 532 8668) is uit die hospitaal ontslaan en word tuis deur haar kinders versorg. Sy is nog baie deurmekaar en ‘n lang pad van herstel lê voor.
- Myrna van Eyssen (Groep 10 - 064 039 3091) is uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan.
- Arno Schutte (Groep 34 - 076 635 2990) het ‘n groot nekoperasie in Krugersdorp ondergaan. Alles het goed afgeloop en hy sterk goed aan.
- Anna Smith (Groep 30- 082 765 9813) is tuis siek in die bed. Sy ervaar geweldige moegheid en wag die uitslae van die COVID-19 toets af.
- Estette Bredenkamp (Groep 11 - 082 865 4381) ervaar nog pyn en ongemak as gevolg van ‘n gekraakte ribbetjie, maar herstel mooi.
- Annatjie Duvenage (Groep 21 - 071 604 0456) het ‘n terugslag gekry met haar behandeling. Haar nierfunksie verswak en die chemoterapie moet aanpas word. Sy gaan intussen voort met beide chemo en bestraling.
- Reitz en Muschka Esterhuizen (Groep 9 - 074 519 5268) se babadogtertjie was in die hospitaal opgeneem met long-ontsteking. Sy herstel nou tuis.
- Wilna Botha (Groep 4 - 079 947 7924) se ma is oorlede en is reeds begrawe. Ons dink spesiaal aan hulle familie.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

BAIE GELUK

Elmien Halgryn het ‘n kleindogter ryker geword!

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEWID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

KATKISASIE LESPROGRAM

Hierdie naweek hou ons “langnaweek” en hoef kinders nie ‘n les te doen nie. Vir volgende Sondag moet ouers en kinders asb Les 16 doen.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube
09:30 Oggenddiens
18:00 Aanddiens

Maandag
Publieke vakansiedag

Woensdag
19:00 Ouderlinge Zoom-Blokvergadering
Blok A

Donderdag
18:00 Na-skooljeug Bybelstudie in Elim
19:00 Ouderlinge Zoom-Blokvergadering
Blok B

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 9 Augustus

Br Gerrit J v Rensburg	082 376 4856
Sr Mari Steyn	082 850 1706

Maandag, 10 Augustus

Br Michiel de Kock	082 857 8619
Sr Henda Joubert	082 466 3695
Sr Vanessa v Rooyen	074 443 7437

Dinsdag, 11 Augustus

Sr Lana Laufs	076 958 5752
Br Willie van der Walt	083 797 5246

Woensdag, 12 Augustus

Sr Annette Coetzee	081 548 1599
Sr Salomè Romylos	083 232 3057
Br Riaan Visser	082 097 8350

Donderdag, 13 Augustus

Br Hardus Kruger	082 555 0493

Vrydag, 14 Augustus

Br Chris de Bruyn	082 855 7962
Sr Emily Hefer **(74)**	083 698 0299
Sr Truida vd Walt	076 015 8616

Saterdag, 15 Augustus

Br Roelf Botha **(79)**	082 840 6974
Jbr Riaan de Kock	

"BLACK LIVES MATTER" - IN DIE LIG VAN DIE SKRIF DEEL 1

Om ’n beweging soos BLM vanuit ’n Bybelse perspektief te beoordeel moet jy ’n paar sake in gedagte hou. Eerstens kan jy perspektief gee op wat die beweging op skrif stel as hulle beginsels en doelwitte. Die inligting wat verlede week in die Dienelkander weergegee is, is direk vanaf BLM se amptelike webblad verkry en daarom kan jy aanvaar dat dit die amptelike standpunte is waarop gereageer kan word.

Tweedens word ’n beweging ook beoordeel volgens wat die leiers van die beweging sê en doen en hoe hulle in die praktyk leiding gee om die beweging se doelwitte te bereik. Derdens word ’n beweging ook beoordeel aan wat ondersteuners van die beweging in die praktyk doen om hulle doelwitte te bereik.

Dit is soms so dat wat in die praktyk gebeur dikwels harder spreek as wat op papier staan. Nie alles wat gebeur kan ook aan die beweging toegeskryf word nie, omdat mense (en ander bewegings) met ander motiewe die BLM gebruik om hulle eie agendas te propageer. Hiermee moet ’n mens dus meer versigtig en genuanseerd omgaan in jou beoordeling (toegepas op die kerk: nie alles wat Gereformeerde lidmate glo, sê en doen is volgens die Skrif en Belydenis nie en daarom kan die kerk nie daarvoor instaan nie).

Omdat sosiale media van alle kante (pro-BLM en anti-BLM) misbruik word om die publiek en wat hulle dink en glo te manipuleer met vals nuus, word dit uiters moeilik om sodanig beoordeling te maak. So bv. het die media in die 2013 hofsaak van George Zimmerman sekere feite – wat teen die publieke sentiment ingegaan het - blatant geïgnoreer en hom voor die tyd reeds skuldig bevind. Toe die hof egter klinies na al die feite kyk en hy onskuldig bevind word, het dit die geweldige publieke verset en ontstaan van BLM tot gevolg gehad omdat mense net met sekere inligting in die media gemanipuleer was.

Kom ons probeer dus eers kyk na wat op skrif staan.
BLM se oorkoepelende missie is " Die bevegting van Staats-gesanksioneerde geweld (polisie optrede teen Swartmense) en anti-Swart sentiment en optrede."

Indien BLM van opinie is dat die staat geen magte/regte tot geweld teen misdadigers het of mag uitoefen nie, is dit natuurlik lynreg in botsing met God se opdrag en sanksie in onder andere Romeine 13 : 1 – 8 aan die staat om wet en orde te handhaaf en dit ook met geweld te doen, indien nodig. (Sien ook NGB artikel 36 en Heidelbergse Kategismus Sondag 39 en 40). God oefen gesag en orde uit deur die regering van 'n land en daardie regering moet alle mense (ongeag ras, geslag, sosiale of ekonomiese stand, ens.) met dieselfde gesag billik en regverdig bedien.

Indien dit waar is dat die staat sy magte en regte oortree en onregmatige, onwettige of onbillike optrede teenoor mense goedkeur, dan sou die staat inderdaad deur die burgers van 'n land - deur die strukture wat daarvoor bestaan - tot orde geroep moet word om sodanige magsmisbruik aan bande te lê.

BLM se vertrekpunt dat die Federale regering in die VSA in die uitvoering van sy magte en pligte (met name polisie-optrede) doelbewus teen swart mense diskrimineer is uiteraard aanvegbaar en kan nie bloot op sigwaarde as waar aanvaar word nie. Soos in enige land (ook hier in Suid-Afrika) is daar altyd elemente in enige vorm van staatsgesag wat hulle posisie sou misbruik om onreg teenoor ander mense te pleeg.

Sodanige onreg is egter (met of sonder ondersteuning van die staat) duidelik teen die wil van God en moet ten sterkste veroordeel word. Die Here maak dit baie duidelik in die Skrif dat hy enige onreg (van watter aard ook al) wat teenoor ander gepleeg word, ten sterkste veroordeel.

Die feit dat Israel sosiale onreg (ook strukturele onreg) toegelaat het en bedryf het, is een van die redes waarom God hulle met die ballingskap gestraf het. Die Here het ook nie onderskeid getref tussen Israel in die omringende nasies wat die afkeur van onreg aanbetref nie. Israeliete moes sosiaal-maatskaplik presies dieselfde teenoor vreemdelinge optree as teen hulle volksgenote. Lees gerus Levitikus 19 en 25 asook die profete onder andere Joël, Amos en Sefanja wat die Here se afsku teen onreg duidelik uitspel en as een van die hoofredes aandui waarom God Israel gestraf het.

In die Nuwe Testament word die Here Jesus se woord en optrede die norm waarmee daar teenoor alle mense opgetree moet word. Lees Lukas 6: 27 – 36 en dink maar aan die praktiese riglyn wat Jesus gegee het: doen aan ander soos jy wil hê hulle aan jou moet doen.

Die feit dat BLM kies om net vir die regte van swart mense in te tree (alhoewel hulle hulle op skrif wel inklusief ten opsigte van alle mense uitspreek) skep uiteraard die teelaarde om mense van verskillende rasse te verdeel en spanning tussen mense te skep. Hierdie verdeling en konflik word baie duidelik gesien in die wyse waarop die leiers en ondersteuners van BLM in die openbaar optree en onreg teenoor mense van ander rasse pleeg. Daarmee ontneem hulle die beweging van enige morele integriteit of beginselgedrewe moraliteit.

Volgende keer kyk ons na enkele van BLM se begeleidende beginsels soos hulle op skrif uiteensit.

BEROEPE NUUS

Beroepe aanvaar
Proponent GJ Venter (Jonker) na GK Totiusdal

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Maak gerus weer gebruik van ons herwinningshok in kantoor-ure of kry by Adele die elektroniese hek se kode om self toegang tot die terrein te kry.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir die **Teologiese studentekas.**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad: Geref Kerk Potch-Oos
Videos van preke by: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 072 154 9410
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Kansa-projek

CANSA
Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

MINISTER IN LEEUKUIL GEGOOI NA MINAGTING VAN DEKREET

BABEL. - Die aangewese eerste minister van die Ryk van Mediërs en Perse, Beltsasar, is gisteraand laat in 'n leeukuil gegooi omdat hy koning Darius se bidverbod verbreek het.
Die bidverbod is onlangs met 'n koninklike dekreet ingestel op aanbeveling van die ander twee ministers en die goewerneurs-generaal, raadgewers en administrateurs van die ryk.
Daarvolgens moet enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid, behalwe vir die koning, in 'n leeukuil gegooi word. Daarby is die dekreet as 'n wet van die Mediërs en Perse uitgevaardig en derhalwe onherroeplik. Beltsasar, beter bekend as Daniël onder sy volksgenote, het egter die dekreet verontagsaam. Hy is 'n toegewyde Jood en het soos tevore drie maal elke dag tot sy God, die God van die hemel, gebid. Hy is op heter daad betrap waar hy gebid het en voor die koning gedaag.
Die verwikkeling het as 'n groot skok vir die koning gekom. Dit is bekend dat koning Darius groot vertroue in Beltsasar gehad het. Toe hy aan bewind gekom het, het hy hom aangestel as een van sy drie ministers aan wie die honderd-en-twintig goewerneurs-generaal van die ryk verantwoordelik was. Beltsasar het egter deur sy buitengewone bekwaamheid só uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal, dat die koning besluit het om hom oor die hele koninkryk aan te stel.
Allerhande vrae het intussen ontstaan oor die afdwingbaarheid van 'n wet van Mediërs en Perse. Dit is duidelik dat die wet as 'n strik misbruik is in 'n fyn uitgewerkte set van Beltsasar se vyande om van hom ontslae te raak. Koning Darius het die vonnis so lank moontlik uitgestel, maar het uiteindelik geen ander keuse gehad as om Beltsasar in die leeukuil te laat gooi nie. So is die ryk van een van sy knapste burgers beroof en dit teen die koning se sin.

Lees alles hieroor in Daniël 6

Voltooi die prentjie van Daniël in die leeukuil deur die syfers te verbind.